

## Sing vooraf staande: Psalm 18:2, 3 (p. 71)

- 2 Tot U, van wie my lofsang is, / roep ek in my benouenis,  
en – van my vyand word ek vry! / Want bande van die dood het my  
omring en strome van verderf, / wat aanstorm uit die donker wyk  
van kuil en graf en doderyk, / met kwellings waar die hart by sterf.
- 3 Deur donker magte, troep aan troep, / omsingel, het ek uitgeroep;  
ek het in doodsangs uitgebreek / en God, my God, om hulp gesmeek.  
Hy het geluister, my verhoor: / my stem het luid omhooggerys,  
het deurgedring in sy paleis, / en opgeklim tot in sy oor.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 33:1, 10 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!  
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.  
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –  
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 10 Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte / en red hul siele van die dood.  
Hy sorg vir hul by somerdroogte, / in sware tyd en hongersnood.  
In die grootste smarte / bly nogtans ons harte / op die Heer vertrou.  
Hy, ons skild, Hy wyk nie, en ons hulp beswyk nie / waar ons hart op bou.

## Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,  
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

## Psalm 40:8 (p. 207)

- 8 Laat wie U soek, o God, my hulp in nood, / met almal wat u heil ervaar  
in sielsangs en in doodsgevaar, / nou sing en sê: “Die HEER alleen is groot!”  
Al is ek arm, ellendig, / Hy dink aan my bestendig. / Hy is die HEER by wie  
daar redding is vir my. / U ’s tot my hulp naby. / My God, vertoef tog nie!

Skriflesing: Kolossense 1

Teks: Kolossense 1:18-20; Kategismus Sondag 19

**En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees. Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis – ek sê deur Hom – die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele.**  
(Kolossense 1:18-20 AFR1953)

Waar is Jesus Christus nou? In watter hoedanigheid is Hy daar? Wat beteken dit vir my?

Dit is vrae wat oor en oor in die geskiedenis opduik, en waaroor mense en veral hulle geloofsleiers (teoloë) skerp van mekaar verskil.

- Dit gebeur omdat dit vir mense moeilik is om aan die belofte vas te hou van Jesus Christus wat weer sal kom, want daar is niks wat hulle kan sien wat hierdie belofte bevestig nie.
- Daarmee saam moet ons nie die twyfel en ongeloof wat deur die wetenskap van ons tyd veroorsaak word, onderskat nie.
- Wat mense nie kan sien nie, en nie kan bewys nie, dit glo hulle nie.

Hierdie gedeelte wat ons saam gelees het, openbaar die volgende van die Here Jesus Christus.

- Vers 15 openbaar dat Jesus die beeld is van die onsienlike God – Hy is dus God self.
- Hy was reeds daar voordat die skepping plaasgevind het.
- Hy was eerste daar en Hy is verhef bo die skepping. Hy het alle dinge geskape, en Hy regeer van toe af al oor alle dinge en alle magte in die hemel en op die aarde.

Nadat Hy op die aarde gelewe het, en gekruisig is, het Hy teruggevaar na die hemel toe.

- Hy het egter nie ná sy hemelvaart afstand gedoen van sy heerskappy oor alles nie. Hy regeer nog steeds oor alles.
- Daarby is Hy nou in die hemel 'n Voorspraak vir ons by die Vader.
- Verder: Hy het hemel toe gevaar om 'n koninkryk te gaan voorberei. Hierdie koninkryk is die plek waar ons gaan woon. Vers 18 en 20 openbaar hoe Jesus ons God en Here oor sy kerk regeer as Hoof van sy kerk:

### **1. Hy is die bron van die kerk se lewe**

### **2. Hy is die hoop van die kerk se toekoms**

#### **1. Hy is die bron van die kerk se lewe**

Die Here Jesus Christus is die Hoof van die liggaam. Hierdie liggaam is nie 'n natuurlike of vleeslike liggaam nie.

- Die liggaam waarvan die Here hier praat is sy kerk.
- Die Here Jesus staan as God nie alleen of ver van die wat Hy verlos het nie.
- Geestelik is Hy verbind aan sy gemeente, soos wat 'n liggaam se kop aan hom verbind is.

Nie enige iemand kan hierdie dinge verstaan nie.

- 'n Mens moet deur die Heilige Gees gelei word om te kan verstaan dat die Skeppergod, Jesus Christus, die enigste ware Regeerder van die kerk is.
- Dit is waarom Hy die Bron van die kerk se lewe is.

U moet nou mooi dink wat die konsekwensies hiervan vir u as gelowige is.

- Die Here Jesus is die Hoof van sy kerk.
- Hy is die enigste en absolute Heerser.
- Hy moet daarom in jou verstand en in jou bestaan die heel hoogste plek beklee.

Waarom moet dit benadruk word? Omdat Jesus nie ons ondergeskikte is nie – Hy is die hoogste God en Here.

- Baie mense maak in hulle bekeringslewe van die Here Jesus 'n God wat maar te dankbaar is dat hulle hulle aan Hom oorgegee het.
- In 'n sekere sin word die Here Jesus vir hulle 'n slaaf wat in diens van hulle verlossing staan.

Pasop vir so 'n tipe geloofsbeoefening. Hierdie gedeelte uit die Bybel openbaar baie duidelik dat ons uit Hom en tot Hom is.

- Ons is totaal afhanklik van Jesus Christus.
- Ons is algeheel en volkome ondergeskik aan Hom.

Die Here Jesus openbaar op twee maniere dat Hy die Gewer en Bewerker van alle lewe is.

- Die eerste is dat Hy ons geskape het en tydens hierdie skepping aan ons die lewe gegee het.
- Die tweede is dat Hy die dood oorwin het – waarmee Hy openbaar dat Hy totale mag oor die dood het, en dat Hy lewend kan maak wie Hy wil.

Dit kan geen mens Hom nadoen nie.

- Ons gaan almal dood en gaan in ons graf in – al probeer ons hoe hard om nie te sterf nie.
- Geen mens wat gesterf het, kon nog ooit uit die dood opstaan nie, want die mag van die dood is te groot oor ons.
- Maar die Here Jesus het opgestaan. Paulus skryf dat Hy die eersteling van die oes is.

As ons dit nou gaan toepas op wat die Bybel self leer, dan besef ons die krag van Jesus se heerskappy.

- Omdat die gemeente sy liggaam is, kan die gemeente onder geen omstandighede in die dood bly nie.
- Daar bestaan tog nie iets soos 'n lewende Hoof met 'n dooie liggaam nie.

Ons Here Jesus openbaar Hom nou in die hemel as God wat Koning is oor alles:

- Hy regeer oor die engele en die heiliges in die hemel met Goddelike almag.
- Op die aarde regeer hy die gelowiges (sy kerk) met sy Gees en Woord.
- Hy gee aan alles lewe, want alles is deur sy mag en tot sy lof geskape.

Daarom is alles ook aan Hom onderwerp.

- Selfs sy vyande bestaan omdat Hy toelaat dat hulle bestaan.
- Met sy wederkoms gaan Hy hulle verwyder na 'n plek toe wat Hy vir hulle voorberei het. Vir hulle gee Hy die dood.

Hoe en hoekom gee Hy aan sy kerkvolk die ewige lewe? Uit genade.

- Dit is nie so dat die mens se sondeval die koninkryk van God tot niet laat gaan het nie.
- God laat sy koninkryk nog steeds kom, en Hy rig hierdie koninkryk op met almal wat verlos is deur Jesus Christus.
- Kyk na die volgorde wat God beplan het: eers verkies – toe geskape – toe verlos – daarna opgewek en regverdig verklaar om deur Jesus Christus te lewe tot in ewigheid (Romeine 8).

## 2. Hy is die hoop van die kerk se toekoms

Die Here Jesus se regering is dus toegespits op oordeel en versoening.

- Die oordeel raak dié wat nie glo nie en Hom verwerp.
- Die versoening handel oor dié wat ingesluit word in die kerk.

Daarom gaan ons daarna kyk. Die regering van Jesus Christus is as Hoof van die kerk onder andere daarop gerig om die gemeente tot volheid te bring.

- Dit is wat in vers 19 staan:

**Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon.**

(Kolossense 1:19 AFR1953)

- In ons belydenis staan daar: *Ten eerste dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort.*
  - Al die hemelse gawes woon in Hom, daarom kan Hy liefde en genade, blydschap en heerlijkheid deur sy genade in ons uitstort.
  - Sodoende verander die Hoof van die kerk sy lede dat ons terugkeer na die beeld van ons Skepper toe.

Deur sy Heilige Gees giet Hy ook gawes soos geloof en wysheid in ons in.

- Die Heilige Gees werk met krag in ons sodat ons as lede van Jesus Christus Hom as God en Koning ken en aanbid.
- So woon Jesus Christus in ons en werk Hy ook in ons, terwyl Hy in die hemele ook vir ons bid.

Deur sy bloed bewerk Hy al in ons aardse bestaan die vrede van God in ons.

- Dit gebeur omdat sy bloed gevloei het en sy liggaam gebreek is sodat die toorn van God daardeur van ons af weggekeer is.
- So het ons in die magsbeskutting van die Here Jesus ingekom.
- Nou word ons veilig in sy bewaring gekoester.
  - Nou kan daar enige nood kom – spanning of selfs vervolging soos wat daar al was en elders steeds is.
  - Die Here dra en versorg ons daardeur.
  - Die Heilige Gees waarborg ons dat die Here se bewaring nooit van ons sal wyk nie.

*Hierin lê ons hele toekomsverwagting saamgevat: Die Here Jesus versoen ons met die oordeel van God en maak daardeur vir ons die toegang tot die ewige lewe moontlik.*

Hy het met liggaam en siel in God se gerig gaan staan sodat Hy ook die vloek en smet van ons gemeente daardeur weggeneem het.

- Maar nou moet u net beseft dat dit ons in 'n nuwe verhouding met Christus bring.
- Dit is 'n verhouding waarin ons verantwoordelikheid baie skerp beklemtoon word.

Ons moet hierdie grootheid en Godheid van Jesus Christus bely.

- Ons moet dit nie met die mond alleen doen nie.
- Ons moet dit ook doen met elke daad wat ons in ons lewens verrig.

Ons moet ons onderworpenheid en gehoorsaamheid aan ons Koning Jesus Christus belydend uitleef.

- Ons moet Hom vertrou as Hy openbaar dat Hy ons liefhet. Hy weet wat vir ons goed is, en Hy sorg dat ons die regte ding op die regte tyd kry.
- Ons moet ook die Here uit die hemel verwag. Ons verwagting moet wees dat die Here ons in die oomblik van sy wederkoms na Hom toe sal neem in sy koninkryk.

Kom ons lees Kategismus Sondag 19 saam.

**Vraag 50: Waarom word daar bygevoeg: en sit aan regterhand van God?**

**Antwoord:** Christus het na die hemel opgevaar sodat Hy Hom daar as die Hoof van sy Christelike kerk (a) kan betoon, deur wie die Vader alles regeer (b).

(a) Ef 1:20-23; Kol 1:18. (b) Matt 28:18; Joh 5:22.

**Vraag 51: Watter nut bring hierdie heerlikheid van ons Hoof Christus vir ons?**

**Antwoord:** Ten eerste dat Hy deur sy Heilige Gees die hemelse gawes in ons, sy lede, uitstort (a). Ten tweede dat Hy ons met sy mag teen alle vyande beskerm en bewaar (b).

(a) Hand 2:33; Ef 4:8. (b) Ps 2:9; 110:1, 2; Joh 10:28; Ef 4:8.

**Vraag 52: Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om die lewendes en die dooies te oordeel?**

**Antwoord:** Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne verwagting as Regter uit die hemel verwag (a) wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het. Verder: dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp (b), maar my, saam met al die uitverkorenes, na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid saamneem (c).

(a) Fil 3:20; Luk 21:28; Rom 8:23; Tit 2:13; 1 Tess 4:16. (b) Matt 25:41; 2 Tess 1:6. (c) Matt 25:34; 2 Tess 1:7.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 66:6 (p. 321)

6 Ek sal, verlos uit doodsgevaar, / nou dat ek weer kan asemhaal,  
my offers bring op u altare / en my geloftes U betaal.  
Ek sal laat opgaan in die vlamme / die vetste vee uit veld en wei;  
ek sal by rookwerk van die ramme / ook beeste en bokke toeberei.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 16 Mei 2010

Hulpdienspredikant Clanwilliam. Datum: 25 Augustus 2013